

Saterdag 3 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 1:18-31

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 1:23, 24

Vir die geroepe gelowige is Christus die krag en wysheid van God

Die verlossing uit die sonde en die dood is nie 'n plan wat deur slim mense uitgedink is nie. Tog word van die sondeval af menslike sisteme nagejaag ... Net God red. In Genesis 3:15 het Hy die belofte van die Verlosser gegee. Die kruisiging van Christus is die totaliteit wat sy hele lewe van vernedering omvat. Die hoogtepunt is sy lyding en sterwe aan die kruis.

Só word Christus aan gelowiges verkondig – nie as 'n groot, interessante mens met nuwe insigte en planne om die wêreld te verbeter nie. Inteendeel, Hy het God se wil uitgevoer deur alles te ly sodat sondaars gered kon word. Uit die krag van sy Godheid het Hy die volle toorn van God gedra. Hy het vir ons die vryspraak en lewe verwerf en teruggegee.

Hierdie boodskap van die kruis is die krag van God vir elke geroepe gelowige wat gered is. Dit is 'n dinamiese krag wat lewens verander. Dit doen waartoe God dit stuur.

Daar is 'n teenstelling tussen dié wat gered word en dié wat verlore gaan. Vir dié wat verlore gaan, is die kruis onsin. Hulle verstand is verduister.

God het deur sy wysheid bepaal (sy bedoeling) dat die wêreld nie deur geleerdheid tot kennis van Hom sou kom nie. Wat Hy deur die lyding, ondergang en dood van Christus tot stand bring, kan ongelowige slim mense nie verstaan nie.

Vir die geroepe gelowige is Christus die krag en wysheid van God. Ons glo in Hom omdat die Heilige Gees ons harte met die kennis van God en sy heerlijkheid verlig. Sonder die Woord en die Heilige Gees kan ons nie tot kennis van die waarheid kom nie. Wie dus nie soos 'n kind glo nie, kom nie tot insig nie, is blind en gaan verlore.

Sing: Skrifberyming 2-4:1-3

Ds. WP van der Merwe (Willem) (Emeritus)